Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 15 AUGUSTUS 2024 OM 10:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekreatriaat en Rekordsdienste, me N Brand

## 1. OPENING

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl A K Warnick om die vergadering met gebed te open.

Rdl A K Warnick versoek dat die teenwoordigers 'n minuut van stilte handhaaf vir die slagoffers van die Riverlands-ramp en spreek sy dankbaarheid uit dat daar geen lewensverlies was nie.

## 2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

## 3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

### 3.1 STANDARD BANK: ERKENNING VAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT SE PRESTASIES – OORHANDIGING VAN SERTIFIKAAT

Die voorsitter gee 'n spreekbeurt aan mnr J Sonday van Standard Bank.

Mnr Sonday wens die Munisipaliteit geluk met die uitstekende prestasie om deur Good Governance Africa as die beste munisipaliteit in die land aangewys te word.

Standard Bank is bevoorreg om vir die tweede termyn die primêre bankkier van die Munisipaliteit te wees. Mnr Sonday noem verder dat Standard Bank reeds as vennoot van die Munisipaliteit betrokke is by verskeie projekte.

Mnr Sonday noem dat die prestasie getuig van die toewyding deur raadslede, senior bestuur en alle amptenare om volhoubare dienslewering in die Swartland munisipale gebied te verseker.

3.1/...

Die voorsitter bedank Standard Bank vir hulle vennootskap en dienste wat aan Swartland Munisipaliteit gelewer word.

Die Munisipale Bestuurder bedank Standard Bank vir die erkenning en spreek sy dankbaarheid uit dat daar as 'n span gewerk word en dat alle rolspelers kollektief trots kan wees op die prestasies van Swartland Munisipaliteit.

'n Sertifikaat van Erkenning word deur mnr Sonday aan die Uitvoerende Burgemeester oorhandig.

**VIR KENNISNAME**

## 4. NOTULES

### 4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 17 JULIE 2024

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 17 Julie 2024 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende regstelling:

ITEM 7.9: VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 327, KLIPKOPPIE, MALMESBURY AAN IHS TOWERS SOUTH AFRICA (PTY) LTD (VORIGE HUURDER MTN) VIR TELEKOMMUNIKASIE DOELEINDES (12/2/4-8/4)

(b)(iii) Dat 'n huurbedrag van ~~R4 756.40~~ R4 583,44 per maand (~~10%~~ 6% eskalasie per jaar) (BTW uitgesluit) betaalbaar gaan wees deur die huurder asook elektrisiteitsverbruik;

## 5. OORWEGING VAN AANBEVELING UIT DIE NOTULES

### 5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 7 AUGUSTUS 2024

#### 5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

#### 5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

Besluit/...

5.1.4/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

**7. NUWE SAKE**

**7.1 GOEDKEURING VAN GOP/ROR/BEGROTING TYDSKEDULE (2/1/4/4/1)**

Die burgemeester moet ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) ten minste tien maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê met sleutel sperdatums insake die hersiening van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en begrotingsproses.

**BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 22 Augustus 2024)
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die aangehegte GOP/ROR/Begrotingstydskedule vir goedkeuring by die Raad aanbeveel word.

**7.2 REKENINGKUNDIGE BELEIDE VIR DIE JAAR GEëINDIG 30 JUNIE 2024 (5/14/3/5)**

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat die goedkeuring van die Rekeningkundige Beleide geen finansiële implikasies inhou nie en daarom is dit nie nodig om dit tesame met die begroting voor te lê nie, maar wel voor die indiening van die jaarlikse finansiële state.

Die Rekeningkundige Beleide bevat die reëls ten opsigte van die rekenkundige en relevante openbaarmakings in die jaarlikse finansiële state.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat goedkeuring verleen word vir die Rekeningkundige Beleide en kommentaar daarop soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.3 WYSIGINGS AAN DIE VOORKEURVERKRYGINGSBELEID (8/1/B/1)**

Die Voorkeurverkrygingsbeleid is gewysig na aanleiding van die nuwe regulasies wat met ingang van 16 Januarie 2023 in werking getree het, onder andere, insake voorkeur aan plaaslike kontrakteurs.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die definisie van plaaslik/"locality" in die bestaande beleid deur tenderaars misbruik word. 'n Tenderaar sal bv. slegs 'n terreinkantoor hê, maar die punte vir plaaslik eis.

Die bedoeling is egter om voorkeur te gee aan plaaslike tenderaars wat werksgeleenthede in die munisipale area bied.

**BESLUIT** (vir voorlegging aan die Raad op 22 Augustus 2024)
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die voorgestelde wysigings aan die Munisipaliteit se Voorkeurverkrygingsbeleid, soos uiteengesit in Bylaag B, by die Raad aanbeveel word vir onmiddellike implementering.

7.4/...

## 7.4 SAMEWERKING TUSSEN SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN DIE GOEDGEDACHT TRUST EN DIE IMPENDULO TRUST (17/2/2)

Die verslag word deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste toegelig op versoek van die voorsitter.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat, nadat ‘n besoek gebring was aan die Impendulo Trust en die groentetuine wat deur lg. gevestig word, die oortuiging is dat die groentetuine op ‘n volhoubare wyse tot voordeel van die gemeenskap bedryf word.

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste bevestig dat die inisiatief op ‘n gereelde basis gemonitor sal word, met die oog om die inisiatief na ander gebiede te dupliseer, aangesien dit as ‘n alternatief kan dien tot die benutting van publieke oop ruimtes, wat tans as vullishope dien.

**BESLUIT**
(op voorsel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat die burgemeesterskomitee oorweeg om besoek te bring aan die groentetuin op Erf 2651, Riebeek Kasteel asook die area waar die voedselsekuriteitsprogram beoog word, vir lede om hulself te vergewis van die ter plaatse omstandighede;

(b) Dat,
   (i) gegewe die groentetuin op die munisipale oop ruimte (erf 2651, Riebeek Kasteel) op die oog af volhoubaar en tot voordeel van die plaaslike gemeenskap bedryf word en as sulks die weg baan as *best practice*; en verder in ag genome
   (ii) dat die *Impendulo Trust* ‘n geregistreerde nie-winsgewende organisasie is wat reeds drie jaar in bedryf is op Riebeek Kasteel,

   ‘n huurooreenkoms vir ‘n periode van een (1) jaar teen ‘n gesubsidieerde huurtarief van R120.00 per jaar (BTW uitgesluit) met die *Impendulo Trust* gesluit word vir die gebruik van Erf 2651 as groentetuin, met dien verstande dat die projek deur die Ontwikkelingsdienste Direktoraat (Departement Gemeenskaps-ontwikkeling) van tyd tot tyd geassesseer sal word betreffende die bestuur en volhoubaarheid daarvan;

(c) Dat die volgende skriftelik onder die aandag van *Impendulo* gebring sal word betreffende die toegangspad tot Gedeelte 2 van Plaas 645 vanuit die ‘Delico’-pad (DR 1154), asook betreffende dienslewering deur die Munisipaliteit:
   (i) Die skep van toegang en opsit van ‘n toegangshek moet met die Provinsiale Padingenieur geformaliseer word, gegewe DR 1154 ‘n ondergeskikte pad is wat onder die jurisdiksie van die Provinsiale Regering val;
   (ii) Indien daar van die Munisipaliteit vereis sou word om enige suigtenkdienste te verskaf, die pad tot en met die rioolopgaartenk ook geformaliseer moet word om die nodige toegang te bied;
   (iii) Indien elektrisiteit op die gehuurde perseel benodig word, dit met Eskom as die verspreider opgeneem sal word;
   (iv) Die Munisipaliteit nie drinkwater verskaf in landelike gebiede nie, en die Verhuurder (Riebeek Wine Co) omtrent ‘n wateraansluiting genader moet word;
   (v) Alle strukture (bv. vraghouers, riooluitsuigtenk, toegangshekke) slegs opgerig mag word ingevolge die toepaslike bouwetgewing en met die toestemming van die Munisipaliteit;

(d) Dat daar deur die Ontwikkelingsdienste Direktoraat ondersoek ingestel word na ‘n moontlike samewerkingsooreenkoms met die Goedgedacht Trust en die *Impendulo Trust*, asook potensiële fokusareas ten opsigte waarvan die onderskeie partye samewerking kan bewerkstellig, in ‘n poging om positiewe verhoudinge met die betrokkenes te bou tot voordeel van die plaaslike gemeenskap.

7.5/...

**7.5 VOORGESTELDE VERVREEMDING VAN DIE KRAALTJIE (ERF 470), KALBASKRAAL (17/2/2)**

**BESLUIT** dat die item onttrek word om te herbesin oor die aanwending van die gebou.

**7.6 VERVREEMDING VAN ERF 2652, RIEBEEK KASTEEL (TENDER L05/23/24) (12/2/5/2-11/1)**

Die Raad het op 28 Maart 2024 goedkeuring verleen vir die vervreemding van Erf 2652, Riebeek Kasteel, onderhewig daaraan dat die voorneme van vervreemding bekend gemaak word.

Daar was geen besware teen die vervreemding ontvang nie, en tenders is gevolglik gevra op 4 Junie 2024. Slegs een tender is teen die sluitingsdatum van 5 Julie 2024 ontvang, maar bevestig die Direkteur: Korporatiewe Dienste dat die tenderaar nie voldoen het aan die tendervereistes nie.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat kennis geneem word dat Tender L05/23/24 vir die Verkoop van Erf 2652 Riebeek Kasteel nie oorweeg en toegeken kon word nie, deurdat die tender wat ontvang is nie voldoen aan die tendervereistes vir Ronde 1 van die tweekoevertstelsel nie;

(b) Dat daar met verdrag van tyd weer tenders gevra sal word vir die verkoop van Erf 2652 Riebeek Kasteel.

**7.7 VERVREEMDING VAN ERF 4205, DARLING (TENDER T04/23/24) (8/2/2/8)**

Die Raad het op 28 Maart 2024 goedkeuring verleen vir die vervreemding van Erf 4205, Darling, onderhewig daaraan dat die voorneme van vervreemding bekend gemaak word.

Daar was geen besware teen die vervreemding ontvang nie, en tenders is gevolglik gevra op 4 Junie 2024. Teen die sluitingsdatum is ‘n totaal van vier tenders ontvang en geevalueer in terme van die voorkeurverkryging beginsels.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die prosesse wat gevolg is vir Tender L04/23/24 (Verkoop van Erf 4205 Darling) om toegeken te word aan Mariana Marthinus ten bedrae van R186 000.00 BTW uitgesluit;

(b) Dat die oordrag van die bate (onderwerp eiendom) aan Mariana Marthinus goedgekeur word, en die Verkoopooreenkoms onderteken word deur die Direkteur: Korporatiewe Dienste.

**7.8 VOORGESTELDE HERNUWING VAN HUUR: GEDEELTE VAN PADRESERWE AANGRENSEND ERF 3024, MALMESBURY AAN SWARTLAND VOORTREKKERS (12/2/4-8/4)**

Die Raad verhuur ‘n gedeelte munisipale meentgrond, groot ±2082 m², geleë oorkant die Swartland Hoërskool te Malmesbury, aan die Swartland Voortrekkers.

Die doel is uitsluitlik vir die gebruik deur die huurder vir die normale opvoedkundige aktiwiteite van die Voortrekkerbeweging.

Die huurtermyn verval op 31 Augustus 2024.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat ingevolge Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie,

saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van ‘n gedeelte van die padreserwe, geleë aangrensend Erf 3024, ongeveer 2082 $m^2$ groot aan Swartland Voortrekkers, onderhewig aan die standaard voorwaardes sowel as die volgende voorwaardes:

(i) Dat die huur vir ’n tydperk van een jaar sal duur vir die gebruik daarvan as deel van die operasionele bedrywighede van die huurder;

(ii) Dat die huurbedrag van R120.00 per jaar (BTW uitgesluit) betaalbaar gaan wees; en

(iii) Dat sou die konstruksie van die pad voortgesit word voordat die termyn van die huurooreenkoms verstryk, die huurder met een maand kennisgewing voor konstruksie in kennis gestel word, en die huur dan outomaties sal verstryk.

**7.9 VOORGESTELDE VERHURING VAN ‘N GEDEELTE PADRESERWE, DR EUVRARDSTRAAT (ERF 6158) AAN LAERSKOOL SWARTLAND VIR VEILIGHEID- EN SEKURITEITSDOELEINDES (12/2/4-8/5)**

Die Raad verhuur ‘n gedeelte padreserwe, Dr Euvrardstraat (Erf 6158) vir etlike jare aan Laerskool Swartland.

Die huurtermyn het verstryk en het die skool aangedui om weer die gedeelte padreserwe te huur, aangesien dit bydra tot die veiligheid en sekuriteit van die skoolterrein.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat die vorige huurtermyn ‘n periode van 20 jaar was, maar is die voorstel om die huurtermyn na drie jaar te verminder om aan die bepalings van die Batebestuursbeleid te voldoen.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat ingevolge Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van ‘n gedeelte van die padreserwe, Dr Euvrardstraat (Erf 6158, gedeelte van Erf 604), ongeveer 2218$m^2$ groot aan Laerskool Swartland, onderhewig aan die standaard voorwaardes sowel as die volgende voorwaardes:

(i) Dat die huur vir ’n tydperk van drie jaar sal duur vir veiligheids- en sekuriteitsdoeleindes;

(ii) Dat ’n huurbedrag van R555.00 per jaar (BTW uitgesluit) betaalbaar sal wees;

(iii) Dat die hekke en heining wat deur die huurder opgerig is, onderhou word deur en op koste van die huurder;

(iv) Dat 24-uur toegang tot die verhuurde eiendom aan die Munisipaliteit voorsien word vir onderhoud en/of opgradering van die munisipale infrastruktuur; en

(v) Dat die onderhoud van alle munisipale infrastruktuur onderneem word deur en op koste van die Munisipaliteit.

**7.10 VERHURING VAN ‘N GEDEELTE VAN ERF 327, KLIPKOPPIE, MALMESBURY AAN NETSTAR VIR INSTALLERING VAN VOERTUIG OPSPORING TOERUSTING (12/2/4-8/4)**

‘n Huurooreenkoms is met Netstar gesluit vir die verhuring van ‘n gedeelte van Erf 327, Klipkoppie, Malmesbury vir die installering van voertuig opsporing toerusting.

Netstar (Pty) Ltd het aangedui dat hulle wil voortgaan met die huur vir ‘n verdere termyn

van drie jaar.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte van Erf 327, Klipkoppie, Malmesbury aan Netstar (EDMS) Bpk, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:
    (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 01 Augustus 2024 tot 31 Julie 2027;

    (ii) Dat 'n huurbedrag van R668.50 per maand (BTW uitgesluit en 6% eskalasie per jaar) betaalbaar gaan wees deur die huurder;

    (iii) Dat die eiendom slegs aangewend word vir doeleindes van 'n voertuigopsporingstelsel en vir geen ander doel nie;

    (iv) Dat die huurder moet verseker dat die infrastruktuur/installasie nie enige ander huurder of die verhuurder se installasie belemmer of steurings veroorsaak nie en aan die nodige veiligheidstandaarde moet voldoen; en

    (v) Dat die infrastruktuur wat opgerig is deur die huurder duidelik gemerk word vir maklike identifisering van infrastruktuur op die perseel.

## 7.11 VERSLAG OOR GEMEENSKAPONTWIKKELING SE PROJEKTE, 2023/2024: UITKOMSTE EN IMPAKTE (17/2/2)

Die Departement: Gemeenskapsontwikkeling moet op 'n jaarlikse basis verslag doen insake die uitkomste en impak van gemeenskapsontwikkelingsprojekte ingevolge die Swartland Munisipale Sosiale Ontwikkelingsbeleid en -Strategie.

Die verslag sluit die uitkomste en impak van die projekte in wat gedurende 2023/2024 finansiële jaar aangebied is.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die uitkomste en impak van die gemeenskaps-ontwikkelingsprojekte ten opsigte van 2023/2024;

(b) Dat die Departement: Gemeenskapsontwikkeling teen Augustus jaarliks verslag moet doen oor die uitkomste en impak van gemeenskapsontwikkelingsprojekte van die vorige finansiële jaar.

## 7.12 UITSTAANDE DEBITEURE: JULIE 2024 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Julie 2024.

## 7.13 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Julie 2024 soos met die sakelys gesirkuleer.

## 7.14 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: HERSTEL VAN KOMPAKTEERDER, CK 34173 (8/1/B/2)

Die kompakteervragmotor, CK 34173, word in Malmesbury en die Riebeek Vallei gebruik vir die verwydering van vaste afval.

Die herstelwerk was verder noodsaaklik, aangesien die vragmotor – ‘n 2022 model UD 330 Quester – nie binne die volgende vyf finansiële jare vir vervanging op is nie.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die *trunnions and shaft bottle pins* van die kompakteervragmotor deur Transtech ten bedrae van R61 607,50 (BTW uitgesluit);

(c) Dat, ingevolge paragraaf 2(6)(d) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid dit nie nodig geag word om 'n formele tenderproses te volg nie, aangesien Transtech die agent vir Heil-kompakteerders in die Wes-Kaap is;

(d) Dat die uitgawe van R61 607,50 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/4-68-5 verreken word en dat daar voldoende befondsing beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

## 7.15 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE POMP EN OPRUIM VAN RIOOLDAM IN CHATSWORTH LANDELIKE GEBIED (8/1/B/2)

Die bogemiddelde reënval gedurende Julie het gelei tot die oorstroming van riooltenke in die landelike gebied van Chatsworth. Die rou riool het opgedam naby woonstrukture en ‘n uiters hoë gesondheidsrisiko tot gevolg gehad.

Die situasie is verder bemoeilik deur die ontoeganklikheid van die paaie deur munisipale vragmotors en dringende oplossings moes gevind word.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygings-prosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die rioolpomping en opruim van die landelike area deur Vetties Waste ten bedrae van R43 500,00 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
   - (i) Ongurige weersomstandighede en bo-normale reënval gedurende Julie het oorstromings van riooltenks in die Chatsworth landelike gebied tot gevolg gehad wat gelei het tot die opdam van rou riool rondom woonstrukture;
   - (ii) Die dringende pomp van riool en skoonmaak was nodig om die publiek te beskerm teen moontlike siektes wat opgedoen kan word wanneer daar met rou riool in kontak gekom word;
   - (iii) Die gebied was weens swak padtoestande nie toeganklik vir swaar munisipale rioolvragmotors nie;
   - (iv) Die dienste van 'n kontrakteur met ‘n geskikte grootte ligter vragmotor is

dus verkry;

(d) Dat die uitgawe van R43 500,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/4-68-5 verreken word en dat daar voldoende befondsing beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**